

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Psalm 84:2, 5 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

Skriflesing: Hebreërs 7

Teks: Hebreërs 7:25; Kategismus Sondag 11

**Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat
Hy vir altyd leef om vir hulle in te tree. (Hebreërs 7:25 AFR53)**

Dit is in ons tyd baie moeilik om 'n ware Christen te wees, want ons leef in die eeu waarin
die duiwel homself baie diep in die kerk ingegrawe het.

- Hy het al talle mense in die kerk wat die kerk omvorm sodat dit sy ware karakter as
liggaam van die Here verloor.
- Die Here het ons mos al lankal gewaarsku dat die antichris uit die kerk sal opstaan.

Dit is waarom daar 'n groot aantal mense is wat hulleself Christene noem, maar dit nie
meer is nie. Kom ons kyk na voorbeelde:

- Ons sien dit daarin dat twee mense hulle op dieselfde Bybel beroep, maar hulle
lewenstyl en hulle lewenswaardes verskil heeltemal.
- Ons sien dit daarin dat baie sogenaamde Christene aan organisasies behoort wat
heeltemal vreemde beginsels het. Tipe organisasies wat nie die Drie-enige God as
die enigste God van hemel en aarde erken nie. Tog bely hierdie selfde mense die
Here wanneer hulle buite die vergadering van hulle organisasie binne-in die kerk
sit.
- Ons sien die geloofsvervlakking en verskeurdheid in die kerke self:

- Daar word uitsprake gemaak dat kerke akkommoderend moet wees.
- Kerke moet hulle dogma so wyd stel dat dit plek maak vir ander gelowe ook.
- Daarmee word die enige verlossing van ons Here Jesus Christus verloën.

Dit bring ons by die dieptevraag: Wie bepaal die dogma van die kerk? Wie bepaal wat 'n kerk is en wat in 'n kerk geleer mag word? Die antwoord op albei vrae is: Die Here. Die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees.

Kom ons besin in hierdie preek weer 'n keer saam oor 'n paar basiese dinge wat ons van die Here Jesus Christus glo en bely:

1. Die naam *Jesus* openbaar die heerlijkheid van die Seun van God.

2. Alleenlik in die Naam *Jesus* lê die geluk van die gelowiges.

3. In die naam *Jesus* is daar 'n vonnis vir naamchristene.

1. Die naam *Jesus* openbaar die heerlijkheid van die Seun van God.

Waarom het die Verlosser nie 'n ander naam gehad nie, soos byvoorbeeld *Petrus*? Of enige ander naam wat destyds in gebruik was nie? Het sy koms aarde toe nie net oor die feit gegaan dat Hy 'n mens geword het nie? Waarom moet ons nou nog 'n bepaalde mensnaam by die saak gaan betrek?

- Die beloftes in die Ou Testament gaan ook nie oor 'n naam nie.
- Daar word net 'n messias beloof.
 - *Messias* beteken net *Gesalfde*. Ons gebruik die Griekse woord *Christus*. Dit beteken ook *Gesalfde*.
 - Die beloofde Verlosser word 'n paar keer in die Ou Testament *die Gestuurde (sjaliach)* genoem.

Die mense het dus nie iemand met 'n bepaalde naam verwag nie.

- Daarom kondig die engel wat aan Maria verskyn aan dat God wil hê dat hierdie kind se naam *Jesus* moet wees.
- Die mense moet sy Naam hoor sodat hulle kan weet dat dit Hy is!
- Hierdie *Jesus* is die *Gesalfde* en *Gestuurde* wat al soveel eeue lank beloof word.
 - Sy Naam leer dat Hy kom om salig te maak.
 - Sy Naam sê wie die Wese is wat ons moet aanbid omdat Hy ons salig maak.
 - Ons moet die Naam ken sodat ons Hom op sy Naam kan verheerlik en aanbid.

Jesus was God wat in die gestalte van 'n mens op die aarde gelewe het.

- Hy het die heerlijkheid van die hemel verlaat en tussen sondaars op die aarde geleef.
- Hy het met sy menslike kragte teen die Satan gestry.
 - Natuurlik was dit nie nodig dat Hy die duiwel op hierdie manier moes oorwin nie.
 - Hy kon die duiwel met sy Goddelike krag uit die hemel verdelg het in minder as 'n oomblik.
 - Maar *Jesus* wou dit op hierdie manier doen omdat Hy die duiwel as 'n mens wou verslaan.

2. Alleenlik in die Naam *Jesus* lê die geluk van die gelowiges.

Langs hierdie Naam is daar geen ander naam wat met soveel trots en heerlijkheid gesê kan word nie.

- Selfs die name van die grootste leiers in die wêreld het nie soveel glans soos die Naam van die Here Jesus nie.
- Nie eers die engele se name het soveel heerlijkheid soos die Naam van Jesus nie.
- Elke gelowige – en ook die skepping – is gekoppel aan die Naam Jesus Christus.
 - Baie prakties en miskien selfs oorvereenvoudigd gestel, beteken dit dat jy net in die hemel kan kom as jy Jesus as jou enigste Saligmaker bely.

Ons geluk lê daarin dat ons Hom alleen bely en met alles breek wat Jesus se versoening wil afwater of, aan die ander kant, iets wil bylas tot ons saligheid, asof enige ander godsdiens of vorm van aanbidding ook die moontlikheid van redding inhou.

Die aanbidders en belyers van Jesus Christus kan daarop staatmaak dat hulle die ewige lewe het, want Hy lewe nog steeds, en maak nog steeds die wat Hom bely salig.

- Hy doen dit elke dag en elke oomblik.
- Kragtens die feit dat Hy alleen God is, deel Hy ons aanbidding met niemand nie.
- Hy alleen gee aan ons die volmaakte geluk en vrede van die hiernamaals as ons Hom alleen aanbid.

Om die geluk en vrede wat ons in die hiernamaals gaan geniet, te verstaan moet ons eers kyk wat al die dinge is waarvan ons verlos word.

- Hy verlos ons van al ons erfsondes.
- Hy verlos ons ook van al ons geërfde smet.
- Hy verlos ons verder van al die sondes wat ons doen en gedoen het.
- Hy verlos ons van al die verkeerde dinge wat selfs net deur ons gedagtes gaan.
- Hy verlos ons van die mag wat die duiwel oor ons het.
- Hy maak ons vry van die vloek van die sondeval.

Aan die ander kant kom haal Hy ons na Hom toe (1 Tess. 4). Daar by Hom is die toestande waaronder ons lewe heeltemal anders as wat dit hier is.

- Ons is daar vry van sonde.
- Die hele skepping is volmaak.
- Daar is glad nie meer dinge soos spanning, ellendes, armoede en dood nie.

Die saligheid is nie iets wat eers na die dood in ons hande kom nie.

- Die Here Jesus begin die saligheid in hierdie lewe reeds in ons lewens bewerk, al maak Hy dit eers na sy wederkoms volmaak.
- Hy laat ons nou al geestelik op 'n ander lewenspad beweeg:
 - 'n Lewe waarin ons verkeerde en lelike dinge haat en verafsku.
 - Ons vlug in ons eie lewens daarvan af weg deur berou en bekering.
 - So maak Jesus ons deur die werk van sy Gees heiliger al hoe langer ons lewe.

Ons lewe al hoe meer 'n lewe waarin ons in die geselskap van God kom. Dit is die geluk en vrede wat deur die Naam Jesus aan ons besorg word.

3. In die Naam Jesus is daar 'n vonnis vir naamchristene.

Dit kan nie anders nie: Ons moet ons lewe en ons aanbidding toets deur selfondersoek. Aanbid ons Jesus opreg en van harte of nie?

Die feit is dat Hy net verlossing en volmaaktheid gee vir die wat Hom as Verlosser dien.

- Vir die wat Jesus nie as Verlosser en God dien nie, is daar groot moeilikheid en gevaar, want hulle gaan deur Hom veroordeel word.
- In die Naam Jesus openbaar God sy onstuitbaarheid:
 - Nie eers die magte van die hel kon Hom stuit toe Hy in 'n menslike liggaam geleef het nie.
 - Hoeveel te meer gaan die wat Hom nie wil dien as Jesus wat met sy menslike liggaam die straf en oordeel van God tot versoening gedra het, hulle teen Hom vasloop nie!
 - Hulle gaan hulleself aan dieselfde kant van sy oordeel bevind as wat die Satan hom bevind.
 - En hulle gaan dieselfde oordeel en straf as die Satan ontmoet.

Dit behoort ons te laat besef hoe nougeset ons benadering in ons aanbidding moet wees.

- 'n Christen kan hom mos nie met enige iets versoen nie.
- Die oomblik as ons iets by die volkome aanbidding van die Here Jesus byvoeg of wegneem, verloën ons die Here Jesus Christus.
- Dit beteken dat ons onself daarmee in die gesigsveld van die onbedinkbare angsk en smart van die hel bring.

Die Here vra van ons skerp geloofsonderskeiding. Ons leef in die tydvak van die opkoms van die antichris en sy voorlopers. Daarom moet u vir uself dit duidelik kry dat ons aanbidding en ons geloof hoegenaamd geen ruimte laat vir godsdienverruiming nie:

- Ander gelowe kan nie ingesluit word by die Christelike geloof nie.
- Ander gode kan nie naas ons Drie-enige God of saam met Hom aanbid word nie.
- Die kerk kan ook nie die beginsels en eise wat God self in sy Woord neerskryf, verwater ter wille van die menslike behoeftes van sy lidmate nie.

Natuurlik behoort daar voortdurend godsdienvernuwing te wees. Ons moet steeds soek hoe ons die Here meer en meer in waarheid kan aanbid. Hierdie vernuwing moet egter 'n paar perspektiewe hê:

- Die vernuwing moet die eer van God helderder laat skyn as wat die gebruik wat ons vervang, dit gedoen het.
- Die welsyn van die gemeente moet daardeur beter gedien word as wat dit vantevore die geval was.
- Dit moet ook nie 'n ander beginsel stel as die een wat die Here in sy Woord gestel het nie.

Die oomblik wanneer hierdie beginsels nie toegepas word in vernuwing nie, is daar fout. Ons mag alleenlik beginsels en gebruike hê wat ware godsdien aan die Here is. Dit is hoe Jesus dit wil hê.

Sy kruisdood deel die mensdom in twee duidelik onderskeibare groepe:

- Aan die een kant staan die wat Hom as Verlosser verwerp.
 - Hulle erken Hom nie as die Gestuurde van God nie en aanbid Hom ook nie as God nie.
 - Hulle word nie deur sy dood versoen nie, en sterf dus as verdoemdes.
- Aan die ander kant staan die ware gelowiges.
 - Hulle sny die lyne van die geloof skerp en reguit.
 - Hulle geloof is nie rekbaar en omkoopbaar nie.
 - Hulle geloof is ook nie so wyd dat enige god 'n medestaanplek het saam met die Drie-enige God nie.

Vir hierdie groep skenk Jesus verlossing uit die wraak van God en 'n lewe tot in ewigheid. Dit is waarom die Bybel van Hom leer dat Hy die wat deur Hom tot God gaan, volkome kan red, omdat Hy vir altyd leef om vir hulle in te tree.

Kom ons lees Kategismus Sondag 11 saam:

Vraag 29: *Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?*

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

(a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.

Vraag 30: *Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?*

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: óf Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, óf dié wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4..(b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 31 Augustus 2003

Hulpdienpredikant Clanwilliam. Datum 2 Junie 2013